# DIE WEG, EN DIE WAARHEID EN DIE LEWE

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (***kontak besonderhede verskyn elders op die webblad***)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIFGEDEELTE VIR HIERDIE OORDENKING: Johannes 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**

Ek wil julle graag met manna bedien wat die Vader vir my gegee het. Dit gaan oor wat Christus bedoel het toe Hy gesê het, *'Hy is die weg en die waarheid en die lewe'*. Dit is belangrik om te besef die Godheid lewe in die ewigheid. Sonde het veroorsaak dat dood intree en sodoende het daar skeiding gekom tussen God en die mens.

Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**Hierdie** (Johannes 3:16), is God se plan. Hy wil die mens, wat Hy innig liefhet, wat deel is van Sy hartklop, wat na Sý beeld geskape is, na die ewigheid toe neem waar Hy is, want die mens is nie bestem vir die tydelike nie, maar vir die ewige. Die asem wat in ons neus geblaas is, kom uit God Homself. Daarom het God die Vader vir Christus Jesus, wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is, aarde toe gestuur.

Toe Johannes die Doper van Christus getuig het, was hy deur die priesters en Leviete omtrent homself ondervra. Hy het gesê dat hy nie die Christus is nie maar dat hy slegs die weg voorberei vir Christus se koms.

Johannes 1:20 En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Christus nie.

Johannes 1:23 Hy antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het.

Hy *sê "ek is die padskraper, wat alles uit die pad moet verwyder sodat die hoofpad (highway) tussen hemel en aarde, (let wel, nie tussen aarde en hemel nie), gebou kan word. Ek kom om die grondgebied voor te berei sodat die Vader Sy saad kan saai*".

## EK IS DIE WEG

Jesus sê, *'maar Ek het aarde toe gekom soos die Vader dit vir my gegee het. Ek is nou die een wat die pad moet maak, en Ek **is** die pad, Ek **is** die weg. Julle moet deur My lewe, Ek maak die kanaal vir julle oop, Ek is die eersgeborene van die opstanding'*. Jesus het nooit gesondig nie, daarom kon sonde nie aan Sy bloed gekoppel word nie, dit wil sê die dood kon nie aan Sy bloed gekoppel word nie. Sy bloed is die enigste bloed in die ganse mensdom wat nooit gesondig het nie. Dit is hoekom Hy as **mens** die prys moes betaal.

Johannes die Doper het die pad voorberei, en Jesus het gekom. Jesus is die pad wat uit die hemel neerdaal (die manna, die Woord), en nou is Hy die pad wat oopgemaak is, hier van die aarde af ná die Vader toe. Jesus sê 'Ek is die weg', jy kan nie 'n ander pad loop as die een wat daar is nie. Johannes het die weg voorberei vir die Weg, en die Weg is Christus Jesus.

## EK IS DIE WAARHEID

Die tweede verklaring wat Hy maak: Ek is die waarheid.

-o0o-

Wat is die waarheid? Die waarheid is die waarheid en geen leuen kan ooit die waarheid betwis nie. Daar is net 1 waarheid, en al die leuens op aarde kan net deur 1 ding teëgestaan word, en dit is die waarheid.

Voorbeeld: Ek as individu kan New Zealand toe gaan, 'n bus huur en daarop skryf: 'die Springbokke was in 1995 die Wêreldbeker kampioene'. Ek kan dan deur die hele New Zealand reis en niemand sal dit kan betwis nie, want dit is die waarheid.

## EK IS DIE LEWE

Wat is die Lewe? Die lewe is juis **Hy** wat van alle ewigheid af gelewe het. **Hy** is die Woord wat vlees geword het, en wat nooit gesondig het nie. Nou is **Hy** die eersteling in die opstanding, omdat die dood Hom nie kon vashou nie.

Kolossense 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

Dit is waarom Hy kon sê 'Vader in U hande gee Ek my gees oor'.

Lukas 23:46 En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

Hy het nie Sy Gees oorgegee aan die doderyk nie, maar aan die Vader, sodat die Vader op die regte oomblik Sy gees in Hom terug gestuur het. So het Romeine 8:11 tot vervulling gekom.

Romeine 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Dit beteken dat die Gees van die lewe weer in Hom teruggekeer het, en Hy het opgestaan as die Lewe wat lewe tot in alle ewigheid. Dit is die volmaakte patroon, en dit is die patroon wat ek en jy moet volg. Hy is die weg en die waarheid en ons moet in die waarheid lewe, ons kan nie van die waarheid afdwaal nie.

Die geringste afwyking van die waarheid maak dat dit nie meer die waarheid is nie. As ek een sigaret in my lewe gerook het, kan ek nie sê dat ek nog nooit gerook het nie. Selfs al is dit net 1 trek van 1 sigaret en ek word 'n 100 jaar oud, kan ek nie sê ek het nie gerook nie. Een brokkie valsheid maak dat dit nie die waarheid is nie. Die waarheid is die waarheid, en daarom het God die Vader vir ons die Heilige Gees gegee om die Logos Woord, as Rhema Woord in ons te lewe.

## LEEF DIE WOORD UIT

Ek het tevore gesê ons kan nie die Vader verheerlik nie, ons het die Woord en die Heilige Gees nodig om die Vader te verheerlik. Wat staan ons te doen? Die Heilige Gees in ons laat ons die Woord uitlewe en deurdat ons dit uitlewe, maak ons dit nou 'n Rhema Woord, en nou verkondig ons Sy dood en opstanding totdat Hy kom. Ons is dus lewende getuies, lewende sendbriewe, en nie meer dooie strukture nie. Ons is nie meer bestemd vir dood nie, ons lewe want ons lewe is in Christus.

Dit is waarom Paulus sê: Galasiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Hy is die volmaaktheid van God se volkome raadsplan, daarom sê Jesus Ek is die vervulling van die wet en die profete. Matthéüs 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

-o0o-

## NAGMAAL

'*Ek wil hê julle moet in My lewe, My voorbeeld navolg en dit uitlewe op die aarde'*. Dit is waarom dit so belangrik is dat ons Nagmaal moet gebruik so dikwels as ons bymekaar kom. Ek en my vrou gebruik elke môre Nagmaal, want die Brood wat ons neem getuig dat Christus Jesus se liggaam vir ons gebreek is, sodat ons heel kan word, sodat ons die evangelie kan word. Hy het gekom as die koringkorrel, as die saad wat in die aarde ingesaai is en sodoende het Hy die Brood van die Lewe geword.

Nou neem ons die Brood van die Lewe en ons kan nou dit verkondig, dit is in ons lewe. Hy lewe Sy opstandingslewe deur ons uit. Die Bloed wat ons neem het hierdie verbond verseël. Hierdie Bloed getuig van lewe, met ander woorde, dit is nie meer my lewe nie, dit is **Sy** lewe. Dit is Sy natuur, Sy Naam, Sy persoonlikheid, Sy hele wese. Ek en jy moet eintlik ook sê ek is nou in die weg, die waarheid en die lewe. Ons moet in die weg, die waarheid en die lewe wandel, want buitekant dit soek ons moeilikheid.

## ENIGSTE PLAN

Die weg, die waarheid en die lewe is die enigste plan wat die Godheid gemaak het sodat ek en jy in hierdie perfekte proses, hierdie perfekte Persoonlikheid kan inkom, sodat Hy deur hierdie proses naamlik:

(i) deur die werking van die Woord,
(ii) deur die werking van die Heilige Gees,
(iii) deur die implimentering van die Woord in my lewe,
(iv) deur die vrug van my lewe, my na die ewigheid toe kan vat;

Dit is die enigste manier hoe ons anderkant gaan kom. Dit is al hoe ons kinders van God genoem kan word, hulle wat deur die Gees van God gelei word is kinders van God. Romeine 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

Nie diegene wat dagstukkies aanstuur wat amen en halleluja en pragtige prentjies het, mooi gebede op die markpleine bid ensovoorts nie. Nee, hulle wat deur die Gees van God gelei word, hulle wat die raadsplan van God vervul vir hulle lewe, kan kinders van God genoem word. En net jy kan vandag sê of jy werklik kind van God is.

Ek wil julle aanraai om hierdie woord nie net daar te laat nie, maar om dit te ontvang en te bestudeer. Wanneer die Here 'n Woord uitstuur, is dit omdat daar 'n nood is, 'n tekort wat aangevul moet word, anders sou jy dit nie ontvang het nie. Neem dit aan, bid en mediteer daaroor, lê dit voor die Here, dit is nie 'n dagstukkie nie. Dit is voeding uit die troonkamer.

## SEËN

Geseënd is jy in die Naam van die Here.

Mag hierdie boodskap in jou lewe grond vat, opgroei en veel vrug dra. My gebed is dat jy 'n gevestigde pilaar in die Woord van God sal word, in Christus, in hierdie kosbare, lieflike, lewende evangelie wat God Homself geskrywe het.

- Mag jou fondasie geanker wees in die basis van die Lewe.
- Mag jou fondasie sterk wees,
- mag die pilare in jou lewe versterk wees, met die sterkste staal, met die Woord van God, en mag dit wat God in jou lewe ingebou het, tot uitbreiding van Sy koninkryk wees.
- Mag die Here alleenlik verheerlik word.
- Mag die Here gee dat dit wat Hy in jou hande geplaas het, die strukture en siele wat Hy in die hande geplaas het, jy dit sal optel en dra tot in die troonkamer van die Vader. Sodat wanneer jy eendag voor

-o0o-

die Vader staan Hy vir jou kan sê: Matthéüs 25:23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Wat 'n dag sal dit wees om daardie wonderbare woorde te kan hoor! En te kan weet ons was suksesvol omdat ons die Woord en die Heilige Gees in ons het wat ons gehelp het om anderkant, die ewigheid toe te kan gaan. Amen!

-o0o-